



Pas op vir Inbelsentrum-agente wat skuldher sieningdienste aanbied. Dit word nie toegelaat nie!

Skuldberading



Wat is skuldberading/skuldher siening?

Skuldberading is 'n hulpmiddel vir die verligting van skuld waarvoor daar in Suid-Afrika voorsiening gemaak word ingevolge Afdeling 86 van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 soos aangepas (NK). Hierdie proses is daarop gemik om verbruikers te help wat met oorverskuldigheid en met skuld sukkel, deur die volgende te bied:

- Begrotingsadvies
- Onderhandeling met kredietverskaffers vir verlaagde paaie mente
- Herstrukturering van hulle skuld
- Assessering van inkomste en uitgawes

Wat is oorverskuldigheid?

Dit is wanneer die verbruiker vir die Skuldberader inligting gee wat wys dat hy/sy nie sy/haar maandelikse verpligtinge teenoor kredietverskaffers sal kan nakom nie.

Party aanduidings van oorverskuldigheid

- Jy is oorverskuldig, wanneer:
- Jou maandelikse uitgawes meer is as jou maandelikse inkomste/ salaris;
 - Jy geld leen om ander skuld te betaal;
 - Jy jou kredietkaart en/of oortrekkingsfasiliteit gebruik om skuld te betaal, kos te koop, skoolfonds en ander benodighede te betaal; en
 - Jy sekere rekeningbetalings oorslaan om ander te kan betaal.

Wie kan vir skuldberading aansoek doen?

- 'n Verbruiker wat 'n werk het en nogtans sukkel om sy/haar maandelikse skuldverpligtinge te betaal.
- Verbruikers wat in gemeenskap van goedere getroud is, moet 'n gesamentlike aansoek invul.

Wie verskaf skuldberading?

- 'n Skuldberader wat geregistreer is by die Nasionale Kredietreguleerder (NKR). Om te bevestig of 'n Skuldberader by die NKR geregistreer is of om 'n Skuldberader in jou area te vind, skakel asseblief **011 554 2700** of gaan aanlyn na **www.ncr.org.za**

Sal 'n verbruiker negatief gelys ("geswartlys") word as hy/sy skuldberading kry?

Nee. 'n Verbruiker wat onder skuldberading is, se berading sal aangedui word op sy/haar kredietburo-profiel. Dit is nie negatief nie, maar 'n aanduiding dat die verbruiker oorverskuldig verklaar is en onder skuldberading geplaas is.

Kan 'n verbruiker nog krediet kry terwyl hy/sy onder kredietberading is?

Nee. 'n Verbruiker wat onder kredietberading is, kan nie nog krediet kry nie.

Sal die rente op die verbruiker se rekening stop as hy/sy onder kredietberading geplaas word?

Nee. Rente hou nie op nie.



Die Nasionale Kredietaanpassingswet gee jou Skuldberader die mag om 'n ontslagsertifikaat uit te reik wanneer jy al jou korttermynskuld afbetaal het en jy net 'n huisleningrekening oor het, en wat op datum is volgens die herrangskikkingsbevel.

9

Hoe lank moet 'n verbruiker onder skuldberading wees?

'n Verbruiker sal onder skuldberading wees totdat 'n ontslagsertifikaat deur 'n Skuldberader uitgereik is, slegs as:

- Alle korttermynskuld (bv. persoonlike rekenings, kleinhandelsrekenings, kredietkaarte, ens.) ten volle betaal is; en as
- Die verbruiker 'n verband het – en die verband op datum is.

10

Is skuldberading dieselfde as skuldadministrasie of skuldkonsolidering?

Nee

Skuldadministrasie	Dit is 'n wetlike hulpmiddel wat daarop gemik is om die verbruiker te help om sy/haar skuld af te betaal. As jou totale skuld minder as R50 000 is, kan jy vir skuldadministrasie aansoek doen, want dit sal jou help om jou skuld in kleiner maandelikse paaie af te betaal. Die proses word beheer deur Afdeling 74 van die Magistraatshofwet en nie die NK nie.
---------------------------	--

Skuldkonsolidering	Wanneer jy verskillende skuld/lenings het, kan jy aansoek doen vir 'n enkele nuwe lening wat al die bedrae sal kombineer in een enkele bedrag. Hierdie nuwe lening sal jou ander skuld afbetaal en jy sal dan elke maand net een maandelikse paaie moet betaal vir die nuwe lening, in plaas van 'n hele klomp verskillende paaie.
---------------------------	--

11

Verbruikersregte en verantwoordelikhede onder Skuldberading

Regte	Verantwoordelikhede
'n Verbruiker het die reg om aansoek te doen vir Skuldberading	Dit is die verbruiker se verantwoordelikheid om volledige en korrekte inligting te gee wanneer hy/sy vir skuldberading aansoek doen.
	'n Verbruiker kan die NKR kontak om 'n Skuldberader se besonderhede te bevestig of om vas te stel of die Skuldberader geregistreer is.
'n Verbruiker het die reg om te weet wat die volle koste van skuldberading is wanneer hy/sy aansoek doen vir skuldberading. Dit sluit in 'n volledige uiteensetting van alle fooie. JY HET DIE REG OM TE VRA WAT DIE VOLLE KOSTE IS VAN SKULDBERADING EN OM DIT SKRYFTELIK TE KRY!	'n Verbruiker het die verantwoordelikheid om seker te maak dat hy/sy die volle koste van die skuldberadingkoste verstaan voordat hy/sy die aansoek teken. MOENIE TEKEN AS JY NIE VERSTAAN NIE!
'n Verbruiker het die reg om gereeld deur die Skuldberader in kennis gestel te word van die vordering van sy/haar skuldberadingaansoek.	'n Verbruiker het die verantwoordelikheid om met die Skuldberader op te volg en terugvoer te vra in verband met die vordering van sy/haar skuldberadingaansoek.
'n Verbruiker het die reg om te kies hoe hy/sy maandelikse paaie aan kredietverskaffers gaan maak terwyl hy/sy onder skuldberading is.	Verbruikers het die verantwoordelikheid om seker te maak dat betalings maandeliks gedoen word en bewys daarvan aan die Skuldberader te verskaf.
'n Verbruiker het die reg om van een Skuldberader na 'n ander oor te skakel.	'n Verbruiker het die verantwoordelikheid om seker te maak dat redes vir oorskakeling na 'n ander Skuldberader met goeie rede is, sodat die proses nie misbruik word nie.

12

Voordele van skuldberading?

- Help jou om jou skuld te betaal
- Jy hoef nie geld te leen om jou skuld te betaal nie
- Jou bates word beskerm
- Geen telefoonoprope meer vanaf jou skuldeisers nie
- Bekostigbare paaie
- Daar is geen perk ten opsigte van jou skuld wat onder skuldberading gaan nie

NB: Skuldberading is nie 'n betalingsvakansie nie of 'n manier om geld te spaar deur minder aan kredietverskaffers te betaal nie. Dit is 'n middel om skuld te verlig wat daargestel is om oorverskuldigde verbruikers te rehabiliteer.

Kontakbesonderhede: Webtuiste: www.ncr.org.za
Inbelsentrumnummer: 011 554 2700